# Eljada
Die Here voorsien

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld


**PREDIKANTE**

**Ds. Anton Dednam**
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

**Ds. Danie Potgieter**
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

**SKRIBA**
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

**DIAKONIE**
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE BESTUURDER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

**SUSTERS**
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

**FINANSIES**
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

**ADMINISTRASIE**
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

**KOSTER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

**ORRELIS**
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

**ELJADA**
eljada@gkrietvallei.co.za


*Vertel en Leef die Goeie Nuus*

*"En almal is vervul met die Heilige Gees, en het in ander tale begin praat, soos die Gees aan hulle gegee het om hardop uit te spreek."*
*Handelinge 2: 4*

**24 Mei 2026**

# WOORDBEDIENING

**OGGENDDIENS om 09:15**

Psalm 48: 1 en 5
Psalm 119: 25 en 26
Psalm 115: 1 en 3
SB 14-1: 1 - 3
Psalm 1: 1 - 3

Skriflesing: Openbaring 9: 13 – 21 (2020 Vertaling)

" [20] Nogtans het die res van die mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, hulle nie bekeer van die werke van hulle hande nie. Hulle het aangehou om die demone te aanbid, en ook die afgode van goud, silwer en koper en van klip en hout, wat nie kan sien of hoor of loop nie."

Openbaring 9:20

## Tema: Geloof as genadegawe van God

# WOORDBEDIENING

**AANDDIENS om 18:00**

Psalm 96: 1, 2, 8.

Psalm 112: 1, 4, 7, 9.

SB 12-2: 1.

SB 2-4: 1, 2, 3.

Skriflesing: 1 Korintiërs 12 (2020 Vertaling)

> " [13] En ons is tog álmal deur die een Gees in een liggaam in gedoop - Jode of Grieke, slawe of vrymense - en ons is almal met een Gees deurdrenk."
>
> 1 Korintiërs 12:13

**Tema: Deurdrenk met die Heilige Gees - Gebruik jou gawes van God in die liggaam van Christus!**

- ✝ Ek kan slegs bely: 'Jesus is die Here!' deur die Heilige Gees!
- ✝ God gee gawes!
- ✝ Gebruik jou gawes in diens van die Here en heiliges!



# Verjaardae

# Meelewing

## BAIE GELUK

***Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.***

***Ons bid vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.***

***"Beproef dit en ervaar: Die HERE is goed, gelukkig is die mens wat by Hom skuil" Psalms 34:9***

| BELYDENDE LIDMATE | | | |
|---|---|---|---|
| 24 Mei | Wynand Bezuidenhout | | D29 |
| 24 Mei | Burger Botha | | D35 |
| 24 Mei | Jan Nieman | | A24 |
| 24 Mei | Rudolf Steyn | | A04 |
| 25 Mei | Marieta de Bruyn | | A26 |
| 25 Mei | Mariza Mark | | A12 |
| 25 Mei | Magda Prinsloo | | A32 |
| 26 Mei | Melanie Jordaan | | A08 |
| 26 Mei | Duifie van der Merwe | | D35 |
| 27 Mei | Wynand Botha | | A06 |
| 28 Mei | Pieter Cornelius | | A28 |
| 29 Mei | Ria Bauermeister | | A28 |
| 29 Mei | Sulize de Bruin | | A04 |
| 29 Mei | Pieter Oberholzer | | A22 |
| 29 Mei | Cindy O'Reilly | | A32 |
| 29 Mei | Tanya van der Walt | | D05 |
| 29 Mei | Ronnie Wolhuter | | A02 |
| 30 Mei | Annatjie Steyn | | A04 |
| **DOOP LIDMATE** | | | |
| 24 Mei | Lohan Bronkhorst | | A16 |
| 24 Mei | Joanè de Vos | | A08 |
| 24 Mei | Sunel de Vos | | A08 |
| 24 Mei | Pierre-Henri Olivier | | A22 |
| 28 Mei | Alex Rust | | D13 |
| 29 Mei | Sophia Schoeman | | A22 |
| 29 Mei | Regardt Sonnekus | | A14 |
| 29 Mei | WJ Wessels | | D23 |
| 30 Mei | Ruach de Wet | | A10 |

***Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:***

- Br. Johan Scott (D05) word nog gehospitaliseer en ontvang behandeling.
- Br. Deon en sr. Elba Kruger (A24) met die skielike afsterwe van hulle dogter wat in die Kaapprovinsie woonagtig is. Ons gebede is ook saam met sr. Martie Kruger (A32). Dit was haar kleindogter asook br. Riaan en sr. Mart-Mari Kruger (A04). Sy was br. Riaan se suster.
- Sr. Martie Kruger (A32 ) is verlede week oorgeplaas na 'n versorgings eenheid.
- Anjané de Lange, dogtertjie van br. Cornel en sr. Magdeleen de Lange (A26) het toetse ondergaan en is tuis.
- Sr. Christel Snyman (A26) ontvang behandeling vir haar skouer.
- Sr. Mara Smit (D03) word gehospitaliseer en ontvang behandeling.

# Inligting

Kollekte by deure vir die KERKKAS

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Doel: Fondse in die kerkkas word gebruik vir die instandhouding van die erediens. Vandag is die derde van agt kollektes wat deur die kerkraad vir hierdie doel in 2026 goedgekeur is.

Baie dankie vir u bydrae.

## RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE

**Kerkkas:** Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

**Diakonie:** Rekeningnr: 40 5113 8620

**Susters:** Rekeningnr: 40 9473 9097

**Franse Mediabediening:** 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

## 24 Mei - 31 Mei

Aktiwiteite hierdie week

### VANDAG - 24 Mei

Skinkbeurt: Wyk A30 & D25
Belydenis-aflegging
Geloofsgesprekke Gr 8-12 (Konsistorie)

### MAANDAG - 25 Mei

Pluimbal: 16:00 – 20:00 (Saal)
Bybelstudie Jong werkendes: 18:00 (Biblioteek)
Bybelstudie Studente: 19:00 (Konsistorie)

### DINSDAG - 26 Mei

Senior lidmate Bybelstudie: 10:00

### WOENSDAG - 27 Mei

Ouderlinge vergadering: 19:00 (Saal)
Diaken vergadering: 19:00 (Konsistorie)

### DONDERDAG - 28 Mei

Bybelstudie Gemeente: 09:00 (Konsistorie)
Jukskei: 10:00 – 12:00

### VRYDAG - 29 Mei

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00
Laerskool Jeugaksie 17:30 - 20:00

### SONDAG - 31 Mei

Nagmaal & Nagmaalsete

# Belydenis van Geloof 2026

Baie geluk aan die volgende jongmense wat vandag belydenis van geloof aflê:

- Sr. Scarlett Fairbanks (D27)
- Sr. Elsmari Kuperus (A10)
- Sr. Esté Oberholzer (A08)
- Sr. Mieke Pelser (D03)
- Sr. Megan Pieters (A26)
- Br. Hendrik Rheder (A16)
- Br. Michael Schutte (D13)
- Sr. Carli Steenkamp (D05)
- Sr. Elsabé Steyn (A04)
- Sr. Jeanie van Biljon (D29)

Graag spreek ons ons opregte dank uit teenoor die volgende persone:

- Alle kategete - vanaf gr R tot 12 - wat by ons belydenisklas betrokke was en ons toegewyd aangespoor het met elke geloofstree.
- Ds. Anton, Ds. Danie, Peru Viljoen en Arné Verster jnr vir hul kosbare toerusting en geestelike leiding op die belydeniskamp.
- Die kosspan op die belydeniskamp - Heleen Wepener, Annemieke Pouwels en Willem Kuperus - wat gesorg het dat ons nie net geestelik gevoed is nie, maar ook fisies.
- Ds. Anton Dednam vir die erediens vanoggend en die hantering van die formulier.
- Al die ouderlinge wat betrokke was by die geloofsgesprekke laasweek.
- Christine van Helden en die musiekgroep vir die pragtige musiek.
- Erenst Wepener vir die dataprojektorskyfies, asook die dataprojeksiespan vir die projeksie, opnames en klank tydens die erediens.
- Thomas Coetzee vir die logistiek en altyd-bereidwillige ondersteuning.
- Karen de Lange vir hantering van die administrasie vanuit die kerkkantoor.
- Danielle Schaafsma wat vandag vir ons foto's gaan neem.
- Die graad 11 katkisante en hul ouers vir die dekor, asook die heerlike versnaperinge by die geselligheid vir die gaste in die saal na die erediens.
- Die twee wyke aan diens (wyke A30 en D25) vir die hulp met die bediening in die kombuis.

Baie dankie vir almal se kosbare insette en harde werk!

## Help mekaar om die Woord te kan hoor!

Romeine 10:17 “*Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.”*

As liggaam van die Here Jesus Christus het die Here ons bymekaargebring om Hom te aanbid, te eer en ook mekaar se laste te dra.

So gebeur dit dat daar van ons lidmate is wat nie meer die Woord van God kan hoor nie, omdat hulle gehoorapparate benodig.

Hoe kan ons mekaar help? Ons kan ons nie indink wat die uitdagings van gehoorverlies is nie, maar ons kan wel op die volgende maniere help:

- Skenk gehoorstukke wat nie meer gebruik word nie.
- Maak 'n donasie vir gehoorapparate in die diakonie se rekening met die verwysing — **Gehoor/Apparate.**
- Kyk uit vir mekaar, sodat iemand vroegtydig die nodige hulp ontvang voordat sy of haar gehoor verder verswak.
- Wees lief vir mekaar en sorg dat ons almal mekaar kan hoor, veral tydens byeenkomste.

En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!" 1 Samuel 3:10



# Skinkbeurte

- 3 Mei – Sondag
  - A24 & D29
- 10 Mei – Sondag
  - A26 & D19
- 17 Mei – Sondag
  - A28 & D07

## Mei 2026

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

- 24 Mei – Sondag
  - A30 & D25
- 31 Mei – Sondag
  - Geen skinkbeurt – NAGMAAL

**Vergaderings:**

- 27 MEI – Woensdag: Ouderlinge & Diakens
  - Sustersbestuur en vrywilligers

**Sustersbestuurslid aan diens:**
Innecke Dednam - 081 750 6468

**Kontak Innecke vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Mei**






## Rietvallei 40

2027 is Rietvallei se feesjaar! Ons kyk dan met dankbaarheid terug op 40 jaar van die HERE se seën en genade op die dienswerk van GK Rietvallei in die Koninkryk van ons HERE. Ons het reeds begin beplan aan die feesjaar en gee graag solank die volgende gedagtes in verband met die beplanning deur:

Jaartema 2027: Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig. (1 Petr. 2: 9 en 10)

Die stigtingsdatum van GK Rietvallei is 21 Junie 1987. Ons kan dus die jaar in twee semesters verdeel met die hoogtepunt 'n feesnaweek van 18 tot 20 Junie 2027. Teken asseblief hierdie datum solank in u dagboek aan.

**Eerste Semester**: Januarie tot Junie 2027: Ons kyk terug en dink oor die wyse waarop ons die gawes wat die HERE aan Rietvallei gegee het, tot Sy eer gebruik het.

Dit word dan opgevolg met die feesnaweek van 18 tot 20 Junie.

Gedurende die tweede semester van 2027 kyk ons na Rietvallei as toekomsgerigte kerk van die HERE.

Ondertussen vra ons u hulp met:

- 'n Feesjaar-embleem wat op die jaarkalender, die Eljada en die Rietfluit gebruik kan word.
- Foto's van hoogtepunte in die geskiedenis van Rietvallei.
- Stories en staaltjies oor die jare wat in die Eljada en die Rietfluit gepubliseer kan word.

Kom raak saam opgewonde en word deel van die beplanning! Deel julle idees vir feesgeleenthede!
Ons sal ook voortgaan om, soos die beplanning verder ontvou, meer inligting oor die beplanning te publiseer.







[Kliek vir Google form]



# RAAK BETROKKE SUSTERS DIENSGROEPE



## VERVERSINGS EN DEKOR

by funksies (Kerssangdiens/ Paasdiens ens)



## ETES IN NOOD

Maak en laai etes af vir mense wat deur moeilike tye gaan




## TEESKINK KOÖRDINEERDER

Reël met die wyke om tee te skink



## VERVERSINGS TYDENS KERK-RAADSVERGA-DERINGS

Bedien en maak van verversings



## SUSTERS DIAKONALE ONDERSTEUNINGS GROEP

Ondersteun met diakonale aksies

**VIR MEER INLIGTING RONDOM ELKE GROEP VOLG DIE SKAKEL HIERONDER**

# SLUIT AAN VIA DIE GKR GEMEENSKAP OP WHATSAPP




# Skinkbeurte

## Junie 2026

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

**7 Jun - Sondag**
A32 & D35

**14 Jun - Sondag**
Vrywilligers


**21 Jun - Sondag**
D31 & D33

**28 Jun - Sondag**
Vrywilligers

**Sustersbestuurslid aan diens:**
Lindi Rust - 073 193 4101


**Kontak Lindie vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Junie**

# Nagmaal Tafelplan




NAGMAAL
1ste diens
08:00
Ongelyke nommers

# Nagmaal Tafelplan




NAGMAAL
2de diens
10:00
Gelyke nommers

# BEROEPE NUUS

## Beroepe ontvang:

- ✝ Ds JP du P (Johannes) Aucamp van GK Rietvallei na GK Sanveld (Namibië).
- ✝ Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad.

## Beroep nie aanvaar nie:

- ✝ Ds HV (Henning) Venter van GK Windhoek na GK Sanveld (Namibië).




https://forms.gle/WcsVnu5PTDoHFsbe7

Eljada Huis
Waar die HERE sorg en voorsien!

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont,
Tel: (012) 377-0503 / 0670846792 (Petro)
info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za

**NUUSBRIEF (6) 21 MEI 2026**

Goeiedag almal,

**BAIE DANKIE VIR JULLE LIEFDE EN ONDERSTEUNING!**
Ons wil weer eens uit die diepte van ons harte dankie sê vir elke persoon wat op enige manier deel vorm van Eljada Huis. Of dit nou deur gebed, donasies, ondersteuning, aankope of aanmoediging is, elke bydrae maak 'n groot verskil in die lewe van ons gesinne. Dit bly vir ons ongelooflik om daagliks te sien hoe die Here voorsien deur mense met oop harte. Julle maak dit moontlik vir ons om hoop, kos, ondersteuning en liefde aan behoeftige gesinne te gee. Mag die Here elkeen ryklik seën vir julle goedheid en omgee.

**VOERTUIG VIR ELJADA HUIS**
Ons voertuigprojek beweeg stadig maar seker vorentoe en ons is ongelooflik dankbaar vir elke bydrae wat reeds ontvang is. Hierdie voertuig sal 'n enorme verskil maak in ons bediening en gemeenskapswerk, veral om skenkings op en af te laai en mense in nood te help vervoer. Ons glo steeds saam vir die regte dubbelkajuit dieselbakkie met genoeg ruimte en 'n kappie vir veilige vervoer van skenkings. Indien enige persoon of besigheid graag deel wil wees van hierdie projek, is julle welkom om ons te kontak. Gebruik asseblief die verwysing ***VOERTUIG*** vir enige donasies.

**ONS GESINNE**
Tans ondersteun ons steeds verskeie gesinne wat daagliks afhanlik is van hulp met enige nie-bederfbare voedsel, toiletware, kinderklere, skoene, en basiese huishoudelike benodigdhede. Die winter is hier en dan raak die behoefte groter. Enige hulp, groot of klein, word opreg waardeer.

**ANDER DRINGENDE BEHOEFTES**
Is daar moontlik iemand wat aan wasmasjiene kan werk vir een van ons gesinne?

**KOEKIEPROJEK**
Ons koekieprojek groei mooi en ons is baie dankbaar vir almal wat ons steeds ondersteun. Ons vars tuisgebakte koekies is perfek vir tee en koffie, geskenkies, kerkruikers, funksies, kantore ens ens. Bestellings kan per epos by petro@eljadahuis.org.za of via WhatsApp bestel word by 0670846792. Ondersteun asseblief ook ons Facebook-blad deur te "like" en te "share" met familie en vriende.

**WINTERMARK – GK LYTTELTON – 29 & 30 MEI 2026**
Ons sien baie uit na die Wintermark by GK Lyttelton die 29e en 30e Mei. Kom koop gerus van ons heerlike vars gebakte koekies, beskuit, hertzoggies, kaasstrooitjies, dadelbolle en koeksisters. Bestel ook sommer voor die tyd as jy 'n bestelling het en kom haal dit net af by ons stalletjie!

Dankie dat julle saam met ons hierdie pad stap. Sonder julle liefde, ondersteuning en gebede sou baie van hierdie hulp nie moontlik gewees het nie.

Ons waardeer elke persoon se liefde en omgee opreg!!

Eljada Huis-groete, Petro & Eljada Huis-span.
Evangelisasie: Ps 72:13 / Diensbaarheid: Deut 15:11 / Verligting / Opleiding: Efs 4:28